## JOHANN SEBASTIAN BACH – DIE HOËPRIESTER VAN MUSIEK

deur Ruan du Plooy

Daar is baie genial persone wat die mensdom se bewondering afdwing.

Een van hierdie persone wat ek graag met waardering sou wou huldig is J.S. Bach.

Johann Sebastian Bach behoort tot een van die mees talentvolle families in die geskiedenis van musiek. Van die 60 Bach's van die manlike geslag, was altesaam 53 musikaal aktief oor 'n periode van byna 200 jaar! Vanaf omstreeks 1830 het Johann Sebastian universeel bekend geword as "BACH".

Bach is op 21 Maart 1685 in die dorpie Eisenach in Duitsland gebore. Hy was die jongste van 5 seuns en sy vader was 'n professionele musikant. Albei sy ouers het te sterwe gekom nog voordat hy 10 jaar oud was, en hy en 'n ouer broer het by hul oudste broer in Ohrdruf gaan bly. Hier het die jong Johann Sebastian in die geheim homself geleer om musiek te skryf by die maan as enigste lig tot sy beskikking. Sy oudste broer het hom altyd verbied om enige musiek te skryf en hy het sy musiekmanuskripte eers na die dood van sy oudste broer teruggekry.

Hier in Ohrdruf het die jong Bach ook 'n goeie insig in orrelmusiek en die tegniek van orrelspel verkry. In 1700 vertrek hy na Lüneburg en word lid van die koor van die Michaeliskirche. Hy ontvang onderrig in Latyn, Grieks en Teologie. Hy ontvang ook onderrig by die beroemde orrelis Georg Böhm en ontwikkel 'n besondere voorliefde vir die orrel as instrument. Hy het op 'n keer selfs 300 km te voet afgelê om die beroemde Buxtehude te hoor orrel speel!

Wanneer Bach in 1702 Lüneburg verlaat, is hy reeds 'n geoefende komponis en bespeler van die orrel, klaviersimbel, klavichord, viool en altviool.

In Augustus 1703 is hy as orrelis in Arnstadt aangestel en in hierdie tyd het hy homself bewys as die beste orrelis van sy tyd – miskien van alle tye. Gedurende hierdie tyd raak hy verlief op sy niggie, Maria Barbara Bach, en hulle trou 18 maande later. Die drie groot periodes van Bach se musikale aktiwiteite kan voortaan gekoppel word aan sy drie belangrikste verblyfplekke, te wete Weimar (1708 – 1717), Cöthen (1717 – 1723) en Leipzig (1723 – 1750).

In 1707 word Bach aangestel as hoforrelis en direkteur van kamermusiek aan die hof van hertog Wilhelm Ernst van Weimar. Hier het Bach 'n goeie orrel en orkes, sowel as sangers tot sy beskikking. Deurdat hy elke dag met die orkes besig was, het hy eersterangse kennis en ondervinding opgedoen in verband met al die instrumente van die orkes. Gedurende sy Weimar-jare ontwikkel hy as komponis, weergalose improviseerder, uitvoerende kunstenaar en fenomenale bladleser, tot ongeëwenaarde format. In September 1717 wen Bach die hoogste toekenning vir orrelspel toe hy die welbekende Franse orrelis, Louis Marchand, klop. Bach se jare in Weimar was baie gelukkig en hy skryf groot aantal orrelwerke waarvan onder andere die asemrowende Toccata en Fuga in d mineur. Een van sy bekende kantates wat hy gedurende hierdie stadium van sy musikale aktiwiteite skryf, is "Ein feste Burg ist unser Gott" in sy oorspronklike vorm.

In Cöthen word Bach aangestel as Kapelmeester aan die hof van prins Leipod van Cöthen. Leopold se moeder was 'n Lutheraan en sy vader 'n Calvinis. Die religieuse atmosfeer van die hele Cöthen het geneig

tot Calvinisme en Bach kon as Lutheraan geen ornamentele musiek vir die kerk komponeer nie, omdat sulke musiek verbied was in die gereformeerde kerke. Hier wy Bach hom hoofsaaklik tot die skryf van musiek vir die orkes, klavichord en klaviersimbel, fluit, viool en tjello.

In 1719 besoek Bach die dorpie Halle en probeer 'n ontmoeting reël met Handel wat toe juis in Halle was op besoek aan sy moeder.

Handel verlaat egter die stad twee uur voordat Bach arriveer en so gebeur dit dat die twee grootste komponiste van daardie tyd, mekaar nooit ontmoet het nie. Bach se vrou sterf vroeg in die jaar 1720, maar hy trou op 3 Desember 1721 met Anna Magdalena Wilcken – 'n sopraan sangers aan die hof van Cöthen.

Gedurende sy Cöthen-periode voer Bach Barok-genres soos die suite, kamer- en kerksonate, concerto, prelude en fuga tot ongeëwenaarde hoogtepunte. Gedurende hierdie tyd komponeer hy ook sy baie geliefde en bekende "6 Brandenburgse konserte".

Op 13 Mei 1723 word Bach amptelik aanhgestel as Kantor van die Thomasschule in Leipzig. Hy was verantwoordlik vir alle musiek tydens die kerkdienste in beide die Thomaskirche en Nikolaikirche. As personeellid van die Thomasskool moes hy sang, koorleiding, elementêre Latyn en katkisasieklasse – in Latyn behartig! Van hom is verwag om elke Sondag in elke kerk uit te over, sodat hy in sy 27 jaar se verblyf in Leipzig, die meerderheid van sy 300 kantates met latynse tekste 'n kantate gekomponeer het. Benewens al hierdie harde werk moes hy nog elke vyandigheid van die Universiteitsowerhede, die Stadsraad en die nuwe jong rector, J.A. Ernesti, verduur. Sy teenstanders het 'n persoonlike afkeer en volkome onkunde vir sy genialiteit openbaar. Hierbenewens het sy oë ernstig begin verswak. Dat Bach deur al hierdie stryd steeds daarin geslaag het om die standard van sy komposisies so geweldig hoog te hou, getuig van sy sterk karakter en deursettingsvermoë.

Gedurende sy verblyf in Leipzig komponeer Bach van sy grootste religieuse werke. Hy skryf sy Kersfees-Oratorium met 'n Duitse teks, en sy baie bekende Matteus- en Johannespassies. Hy komponeer ook verskeie Misse en ander kerkwerke.

Leipig se inwoners was altyd getrou aan die Lutherse godsdiens. Juis om hierdie rede kon Bach as Lutheraangesinde – ondanks rusie nou en dan – hier so goed werk. In 'n piëtistiese gemeente het Bach nooit tuis gevoel nie – miskien onder andere omdat die piëtisme, met hul sterk nadruk op die innige persoonlike vroomheid, sterk gekant was teen meerstemmige kerkmusiek. Bach daarenteen, het 'n egte Lutherse opvatting van kerkmusiek gehad: alles moes "sing en klink" tot eer van God. Hy het egter ook sterk invloed van die mistiek ondergaan – mens merk dit byvoorbeeld in die tekste van sy kantates en passies. (Sy gevoeligheid vir die mistiek is miskien een rede vir die sielsverheffende karakter van veral sy orrelwerke).

Bach het oor musiek gedink op tipiese Lutherse wyse: Die musiek bring die boodskap van die evangelie in sy volle omvang na vore. Vir hom was verkondiging uberhaupt nie denkbaar sonder musiek nie. Baie van sy musiekwerke vertoon die feite dat hy nie alleen voorleser wou wees nie, maar ook uitlegger. Hy het as Christen nie alleen die Bybel nougeset bestudeer nie, maar ook talle teologiese boeke gelees! Hy het sy eie private biblioteek gehad en hierin het 'n aansienlike hoeveelheid boeke voorgekom waarvan Luther die outeur was. Dit is dus ook te verstane dat hierdie teologiese werke 'n aanwysbare invloed uitgeoefen het op die manier waarop Bach sy musiek gekomponeer het. As voorbeeld hiervan wil ons graag sy

"orrelfugetta" neem, en wys hoe hy diè orrelwerk bou op Luther se kategismuslied: "Dies sind die heligen Zehen Gebot", wat oor die 10 gebooie handel.

Bach ontwikkel 'n fugatema wat 10 keer in sy orrelwerk voorkom. Hy verdeel hierdie tien tema-insette in drie groepe, 4 + 4 + 2 met 'n lang tussenspel tussen die laaste twee groepe. Hierdie indeling komverbasend ooreen met Luther se uitleg van die 10 gebooie in sy "Groot Kategismus".

Die eerste 4 gebooie rig die mens, aldus Luther, op God en Gods soewereine regering. Om nou hierdie omhooggerigtheid uit te beeld, maak Bach in sy orrelwerk gebruik van 'n stygende tema. Volgens Luther se seining rig die volgende 4 gebooie die mens op sy naaste. Bach keer nou die tema om in 'n dalende vorm in plaas van 'n stygende tema. Die laaste twee gebooie handel Luther apart in sy "Groot Kategismus" en Bach plaas die laaste twee tema-insette dan ook apart na 'n tussenspel van 14 mate. Dit is nou uiters interessant hoekomBach in hierdie geval, soos in baie ander musiekwerke van hom, die getal 14 kies. Wanneer die rangnommers van die letters BACH opgetel word, kry ons die getal 14: (B + A + C + H = 2 + 1 + 3 + 8 = 14). Bach het sy naam se alfabetiese ranggetal as sy persoonlike "handtekening" in baie van sy musiekwerk gebruik. Sou ons in die 14 mate wat hy in sy "orrelfugetta" gebruik, 'n belydenis van Bach kon raaksien, of 'n gebed dat hy self na die bedoeling van Gods gebooie wil lewe?!

Ons merk dus uit die bostaande, as slegs èèn van talryke voorbeelde, dat Bach se musiek eers eg verstaan word vanuit die teologie. Hy was nie alleen komponis nie maar ook teoloog! Hy wou altyd in sy musiek aan God al die eer bring en het onderaan die meeste van sy musiekmanuskripte die woorde" Soli Deo Gloria" geskryf.

In 1750 begin Bach se gesondheid vining agteruitgaan. Sy sig laat hom heeltemal in die steek en as blinde dikteer hy sy laaste prelude aan sy skoonseun op sy sterfbed. Johann Sebastian bach sterf aan beroerte op die aand van 28 Julie 1750. Sy dood word nie eers in die offisiële publikasies genoen nie! Sy oorskot word begrawe langs die Johanneskirche – sonder enige gedenkteken. Die meeste van Bach se musiekmanuskripte word die eiendom van sy twee oudste seuns, maar hulle toon weinig belangstelling in hul vader se "ouderwetse" musiek.

Vandag word Bach egter as die perfekte voorbeeld van die groot kunstenaar beskou. Sy musiek was ten volle ontwikkel en alhoewel hy geen nuwe musiekvorms ontdek het nie, het hy die bestaande vorms ten volle ontwikkel en vervolmaak sowel as al die moontlikhede daarvan benut. Sò beskou was hy 'n groot kreatiewe kunstenaar. Hy was die meester van die kuns van "polifonie" (meerstemmige musiek). Hy het die verbysterende gawe gehad om die onafhanklike dele in sy musiek in te weef in 'n fyn web van harmonie. Hy bly steeds die meester van alle meesters in sy passies, koraalkantates, orrelmusiek, koraalpreludes en preludes en fugas. Alleen die orkes en orrel het aan hom die vryheid gegee on die onafhanklike dele van sy musiek te organiseer. Hy was die hoêpriester van die Fuga as musiekvorm, waar hy al sy musiekkennis versamel het in 'n "katedraal van klank".

Bach was die nederige Christen wat altyd net wou gee sonder om iets in ruil daarvoor te verwag. Hy het musiek geskryf alleen tot eer van God. Aan die besis van sy musiek het sy diepgewortelde geloof in God gelê. Net die beste was vir hom goed genoeg – daar was geen alternatief nie, omdat musiek sy godsdiens was. Ek kan geen beter uitspraak maak oor hierdie reus in die musiekgeskiedenis as die uitspraak van die komponis Schumann nie" "Musiek is net soveel aan Bach verskuldig, as wat 'n religie aan sy grondlegger verskuldig is".

---

Marlene van Niekerk het 'n gedig geskryf oor een van die orrelwerke waarna in die artikel oor Bach verwys is.

by toccata en fuga in d mineur
vir dié wonderwerk moes bach
met sy logge lyf an al
by die eerste springgety teenwoordig wees
toe God se mishorings
groot basuine in die chaos was
en goue suile uit sy vuurtorings
geswaai het
toe moes 'n groot wind
op sy breë bors gewaai het
en hy moes iets voel beur
teen die stug breekwaters van sy hart
dié grootmoedigheid het God beloon
deur sewe orrelpype
soos offerkerse op die see te giet
die môrester het Hy in sy kop laat val
dit daar laat dreun, dit vir die grap
in duisend kontrapunte
uitmekaar laat spat
toe hy bykom het sebastian
die klapwiek van 'n blinde seevoël
in die nag gehoor –
hy moes tóé weet:
'n fratsgolf het deur hom gebreek

Oorgedruk uit Sprokkelster deur Marlene van Niekerk, Human & Rousseau, Kaapstad, 1977.